DA-61

Beeld 24/8/83

'UDF polarisasie is dilemma vir Regse' (editorial)

(Acc 20)

Bd 240883 DA-61

# UDF-polarisasie 'n dilemma vir Progge

WANNEER die leier van die Opposisie, dr. Van Zyl Slabbert, na regs in die politiek kyk, het hy nog elke keer tot in sy tone lekker gekry oor al die fratsverskynsels wat hy daar gewaar. Voortaan sal hy ook na links moet kyk, en hy gaan nie lag oor wat hy sien nie.

Die nuwe United Democratic Front waarin radikale elemente van wit, bruin en swart byeengebring is, is links van die Progressiewe Federale Party gestig. Die amptelike Opposisie behoort diep bekommerd te voel oor wat die gevolge vir hom gaan wees.

Dit is uit die staanspoor duidelik dat terwyl die PFP se linkervleuel in vervoering is, die gematigde Progge ongerus voel oor die polarisasie van radikale uit alle oorde. Die rooi ligte moet flikker vir elkeen wat weet watter spoor van verwoesting ekstremistiese politiek van hierdie aard in 'n land kan nalaat.

Die PFP se houding teenoor en verhouding met die United Democratic Front gaan vorentoe een van die interessantste ontwikkelinge op die reeds omgekrapte politieke toneel wees. Die eerste aanduidinge is dat die Prog-leiding by die nuwe beweging gaan flikflooi vir al wat hy werd is.

## Republiek

Dr. Slabbert noem dit "'n baie belangrike en betekenisvolle ontwikkeling", en dr. Alex Boraine, voorsitter van die party se uitvoerende bestuur, beskryf dit juigend as die "belangrikste ontwikkeling in Suid-Afrika sedert die jare vyftig."

Hoekom nou juis die jare vyftig? Wat het toe gebeur wat so belangrik was dat dit alle politieke gebeurtenisse sedertdien – die koms van die Republiek, die vrywording van nasionale state en, ja, selfs die Progge se vordering tot amptelike Opposisie! – in die skadu stel?

Die antwoord word gou duidelik as 'n mens net meer as dertig jaar terugdink. In die jaar 1952 het ook 'n radikale

**UIT MY POLITIEKE PEN** deur Dawie

front tot stand gekom – die United Front, wat op 'n anti-Nasionale golf van histerie gery het, en veral deur die buite-parlementêre Torch Commando opgepomp is.

Daardie tyd het groot massa-saamtrekke plaasgevind wat verlede Saterdag se byeenkoms na kinderspeletjies laat lyk. Blykbaar droom sekere mense daarvan dat gevoelens nou weer so opgevorder sal kan word, daarom moet ons 'n bietjie deegliker kyk na wat destyds gebeur het.

## Uitgebrand

Daardie United Front het hoofsaaklik bestaan uit die buite-parlementêre Torch Commando, wat die ou Verenigde Party, die blanke Arbeidersparty (wat ook enkele lede in die Volksraad gehad het) en die Liberale Party op sleeptou geneem het.

'n Radikale gees van vlammende fakkels en joelende optogte het die botoon gevoer en vir die algemene verkiesing van 1953 is die opswepende slagkreet gekies: "Vote for the right to vote again!"

Die Opposisie het 'n loesing by die stembus gekry en die United Front het daarna gedisintegreer; hy het in sy eie radikalisme uitgebrand, maar nie voordat hy 'n boel ernstige skade aan binnelandse verhoudinge aangerig het nie.

## VP-arm

As 'n mens na die huidige situasie kyk, is daar veral een belangrike verskil wat dadelik opval.

Dit is dat die PFP as amptelike Opposisie nie by die huidige United Democratic Front ingesluit is soos die VP destyds nie. Daarom is die situasie des te interessanter.

Die United Front van die jare vyftig het darem die skyn van demokratiese respektabelheid probeer handhaaf deur die VP as sy parlementêre arm voor te hou. Waarom is die PFP dan nie in die UDF van 1983 nie?

Is die PFP te lig bevind? Wil die nuwe organisasie niks met die Van Zyl Slabberts en Kie. te make hê nie en verkies hy om sy ding net buite-parlementêr te doen?

En hoe gaan die PFP self hierop reageer? Gaan hy die UDF teenstaan of gaan hy probeer om hom in te wikkel en deel daarvan te word?

Die harde waarheid is dat daar linkse Progge is wat met oorgawe aan die nuwe beweging gaan deelneem. Daar is byvoorbeeld heelwat tekens hiervan onder jong mense aan sekere Engelstalige universiteite.

Soos die PFP gevaar loop om sy gematigdes te verloor as gevolg van sy negatiewe en aftakelende boikotbeleid, so kan hy nou ook in die posisie kom dat hy ondersteuners na links sal moet afstaan.

Daarmee sal hy net nog vrugte pluk van daardie einste propaganda dat alles wat die Regering doen totaal futiel en nikswerd is, en waaruit 'n radikale organisasie soos die UDF gebore is.

**Collection Number: AK2117**

**DELMAS TREASON TRIAL 1985 - 1989**

***PUBLISHER:***
*Publisher:-***Historical Papers, University of the Witwatersrand**
*Location:-***Johannesburg**
**©2012**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of the collection records and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a private collection deposited with Historical Papers at The University of the Witwatersrand.